Plaas jou merk

Veediefstal kan in baie gevalle toegeskryf word aan die feit dat vee nie behoorlik gemerk is nie.

VOERKRALE, boere, spekulante, afslaers, abattoirs en kopers op veilings kan wetend of onwetend gesteelde vee ontvang. Hulle oortree dan die wet en kan swaar beboet of vervolg word, , sê Louis Wessels, voorsitter van die nasionale komitee om diefstal te voorkom.

Identifikasie van diere

'n Wettige, onverwyderbare merk is die eerste verdedigingslinie teen veediefstal. In Suid-Afrika maak wetgewing voorsiening vir 'n doeltreffende diere-identifikasiestelsel.

Die Wet op die Identifikasie van Diere (Wet 6 van 2002) maak die merk van vee verpligtend. Dit help die bedryf en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) om veediefstal te bestry en om gesteelde vee makliker te kan terugvind.

Dit blyk egter dat talle mense en instellings wat met vee handel dryf, nie die bepalings van die betrokke wetgewing nakom nie en dus nie voldoen aan die basiese vereistes om veediefstal te bekamp nie. Baie hofsake oor veediefstal word uitgegooi weens geskille oor die positiewe identifikasie van gesteelde vee en omdat eienaarskap nie bewys kan word nie.

As 'n dier met 'n geregistreerde tatoeëermerk geïdentifiseer is, kan sulke geskille vermy word. Warmysterbrandmerke vir beeste en tatoeëermerke vir kleinvee bly die kostedoeltreffendste maniere om hierdie groepe diere te merk.

Die Wet op die Identifikasie van Diere het die Wet op Veebrandmerke (Wet 87 van 1962) vervang. Die nuwe wet bestuur die nasionale register vir diere-identifikasiemerke wat dien as 'n versterkte verdedigingslinie teen veediefstal, die eiendom makliker identifiseer en opspoorbaarheid bevorder.

Die diere-identifikasiestelsel (AIS) is die nasionale register van diere-identifikasiemerke in Suid-Afrika. Tans het slegs die SAPD toegang tot die stelsel. AIS is 'n gebruikersvriendelike stelsel wat deur enige beampte gebruik kan word ná 'n kort opleidingstydperk.

Pligte van eienaars

Alle eienaars van beeste, skape, bokke en varke moet 'n identifikasiemerk by die registrateur van diere-identifikasie registreer.

Elke eienaar moet sy/haar diere op die voorgeskrewe metode merk.

Alle beeste, skape, bokke en varke waarvan die identifikasiemerk onduidelik of onsigbaar geword het, moet ooreenkomstig wetlike voorskrifte weer geïdentifiseer word.

Enige eienaar van 'n dier met 'n identifikasiemerk wat die dier binne 14 dae nadat hy of sy die eienaar geword het, wil verkoop, ruil of weggee, moet die nuwe eienaar van 'n identifikasiedokument voorsien.

'n Eienaar wat 'n dier ná 14 dae nadat hy die eienaar van so 'n dier geword het, wil verkoop, ruil of weggee, moet sy eie merk op die dier aanbring voordat hy daarvan ontslae raak. Die eienaar moet ook die nuwe eienaar van 'n identifikasiedokument voorsien. Die nuwe eienaar moet die identifikasiedokument vir 'n jaar hou.

Registreer identifikasiemerk

'n Aansoek om registrasie van 'n identifikasiemerk moet by die registrateur ingedien word op die voorgeskrewe wyse en moet vergesel word van die voorgeskrewe bedrag geld. Indien die aansoek voldoen aan die vereistes van hierdie wet moet die registrateur:

- 'n Identifikasiemerk aan die applikant toewys.
- Die identifikasiemerk in die applikant se naam registreer.
- 'n Registrasiesertifikaat van daardie identifikasiemerk aan die applikant uitreik.

Alle eienaars moet aansoek doen om 'n geregistreerde identifikasiemerk.

Vorms is verkrygbaar vanaf voorligtingskantore, landdroskantore, veediefstaleenhede van die SAPD of by die registrateur van identifikasiemerke. 'n Eenmalige registrasiebedrag is betaalbaar.

Alle identifikasiemerke moet geregistreer word.

Die registrasie word op die nasionale register van diere-identifikasiemerke geplaas.

Dit kan tot twee weke duur om 'n identifikasiemerk te registreer.

Dóén dit. Alle vee-eienaars is wetlik verplig om 'n heeltydse merk op hul diere aan te bring om dit te kan uitken as die diere gevind word ná hulle gesteel is.

Onwettige merk van diere

Niemand mag 'n dier identifiseer met 'n merk wat nie geregistreer is nie of 'n geregistreerde identifikasiemerk sonder die magtiging van die eienaar gebruik nie.

Geregistreerde identifikasiemerke moet gebruik word soos voorgeskryf.

Dit is onwettig om 'n merk te gebruik wat nie 'n voorgeskrewe merk is vir die groep waaraan die diere behoort nie.

Oortredings

Enige persoon wat een of meer van die volgende doen, begaan 'n oortreding:

- 'n Merkoperateur wat nie 'n register hou nie.
- Enigeen wat enige diere in sy/haar besit het wat nie in ooreenstemming met die toelaatbare voorsienings van die wet gemerk is nie of anders gemerk is.
- Enigeen wat die identifikasiemerk op 'n dier verander, beskadig of uitwis.
- Enigeen wat 'n dier verkoop waarvan die identifikasiemerk verander, beskadig of geskrap is. **LBW**

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102**
E-POS: **rpo@lantic.net** | WEBWERF: **www.rpo.co.za**